

1. Materiaal wat ons gratis aanbied



1.1 Studiegidse

- 1.1.1 *Betower* – Fanie Viljoen
- 1.1.2 *Dromers* – Fanie Viljoen
- 1.1.3 *Ek was hier* – Nanette van Rooyen
- 1.1.4 *Gerook* – Eldridge Jason
- 1.1.5 *'n Goeie dag vir boomklim* – Jaco Jacobs
- 1.1.6 *Nova: die begin* – Fanie Viljoen
- 1.1.7 *Oor 'n motorfiets, 'n zombieflik en lang getalle wat deur elf gedeel kan word* – Jaco Jacobs
- 1.1.8 *Perfek* – Jaco Jacobs
- 1.1.9 *Permanente ink* – Carina Diedericks-Hugo
- 1.1.10 *Suurlemoen!* – Jaco Jacobs
- 1.1.11 *Sterkykers* – digbundel saamgestel deur Jaco Jacobs
- 1.1.12 *Thomas@aksie.net* – Carina Diedericks-Hugo
- 1.1.13 *Thomas@aqua.net* – Carina Diedericks-Hugo
- 1.1.14 *Thomas@moord.net* – Carina Diedericks-Hugo
- 1.1.15 *Thomas@rockster.net* – Carina Diedericks-Hugo
- 1.1.16 *Thomas@skaduwee.net* (toneelstuk) – Carina Diedericks-Hugo
- 1.1.17 *Thomas@skerpioen.net* – Carina Diedericks-Hugo
- 1.1.18 *Thomas@sms.net* – Carina Diedericks-Hugo
- 1.1.19 *Uit* – Fanie Viljoen
- 1.1.20 *Zita* – Anzil Kulsen



1.2 Powerpoint-aanbiedings

Algemeen

- 1.2.1 *Barrett en Bloom* (gr. 8 - 12 HT en EAT) – Marieta Nel
- 1.2.2 *Kreatiewe klaskamerpraktyk* (gr. 8-10 HT en EAT) – Dr. Nandi Lessing-Venter
Voorstelle vir praktiese, kreatiewe idees om leerders volgehoue ondersteuning te bied vir byvoorbeeld die ontwikkeling van woordeskat, sin- en paragraafstruktuur en grammatika in die klaskamer.
- 1.2.3 *Tegnologie in die klaskamer* (gr. 8-12 HT en EAT) – Dr. Nandi Lessing-Venter
Voorstelle vir digitale toepassings wat leerders op hul slimfone kan laai. Hierdie toepassings kan gebruik word om video's te maak wat in die klas gebruik kan word as 'n alternatief vir mondelinge. Die toeps en video's kan ook gebruik word vir klasprojekte waar leerders saam werk aan 'n visuele storie.

Tekste

1.2.4 Visuele tekste (graad 8-12 HT en EAT) – Kathie Viljoen
Aanbieding van 'n verskeidenheid visuele tekste vir taal & begrip.

1.2.5 Al weer soektyd (gr. 8 HT en EAT) – Kathie Viljoen
Tekste vir vraestelle/toetse.

Letterkunde

1.2.6 Inleiding tot *Onderwêreld* van Fanie Viljoen (gr. 12 HT) – Marieta Nel

1.2.7 “*All is fair in love and war*” (*Ink en ander verhale*) (gr. 10 EAT) – Marieta Nel

1.2.8 “Dubbelvisie” (*Verneukkind*)(gr. 11 EAT) – Marieta Nel

1.2.9 “Gesondheid, Souf!” (*Verneukkind*)(gr. 11 EAT) – Marieta Nel

1.2.10 Drie gedigte uit *Toulopers*: “Taylor Swift”, “Sondagaande” en “Mamma, kan ek nie sê nie” –
Kathie Viljoen
Ontleding van gedigte.

1.2.11 *Pret met gedigte* (graad 8 HT en EAT) – Kathie Viljoen
Hoe om gedigte-skryf in die klas lekker te maak; voorbeelde van watter tipe gedigte alles in
die klas geskryf kan word; hoe om 'n gedig te analiseer.

1.2.12 *Vis en tjips* (gr. 10 TAT) – Marieta Nel

Taal

1.2.13 Belangrikste taal- en spelveranderinge n.a.v. nuwe AWS (gr. 8-10 HT) – Marieta Nel

1.2.14 Idiome (gr. 8 en 9 HT en EAT) – Marieta Nel

1.2.15 Sportbingo (woordeskat) en Lydend en Bedrywende Vorm (gr. 7-9 EAT) – Marieta Nel

1.2.16 Die liefde: bingospeletjie (woordeskat) en begripstoets (gr. 7-9 HT en EAT) – Marieta Nel

Skryfwerk

1.2.17 Voorbereiding vir skryfvraestel (gr. 10 en 11 EAT; HT sou ook hierby kon
baat vind.) – Marieta Nel

Leesbevordering

1.2.18 Nuwe kinder- en jeugboeke by LAPA in 2020 (gr. 1-12) – Nandi Lessing-Venter

1.2.19 Boeke wat waarde toevoeg (gr. 8-10 HT en EAT) – Marieta Nel



1.3 Klasgids-artikels

1.3.1 April 2020:

ASEM – Voorbeeldvrae vir stelwerk en letterkunde – Riëtte Hugo

1.3.2 Januarie 2020:

Langvrae vir juniors – Kathie Viljoen

1.3.3 Oktober 2019:

Skryf 'n kortverhaal – Lizet Korb

1.3.4 Julie 2019:

Toorberg: Twee opstelvrae – Emilje Smit

1.3.5 April 2019:

Graad 11 EAT: Begrip en visuele geletterdheid – Hanneke Basson

1.3.6 Januarie 2019:

Graad 12 HT: Begrip en taal – Tertia Minnie

1.3.7 Oktober 2018:

Graad 8 EAT: Taalvraestel – Mia Singels

1.3.8 Julie 2018:

200 onderwerpe vir 'n skryfjoernaal – Liesbet Gelderblom

1.3.9 April 2018:

Graad 12 EAT: Taalvraestel – Helena Greyling

1.3.10 Januarie 2018:

Stelwerk: Koerantberig – Kathie Viljoen

1.3.11 Oktober 2017:

Onderwerpe vir die voorbereide toespraak – Carmen van Staden

1.3.12 Julie 2017:

Graad 9 EAT: Taaltoets – Hanneke Basson

1.3.13 April 2017:

Inskerpingsoefeninge vir gr. 10-12 HT – Ezilda Fouché

1.3.14 Januarie 2017:

Graad 11 HT: Taalvraestel – Hanneke Basson

1.3.15 Oktober 2016:

Drie tienergedigte uit *Toulopers* – Fanie Viljoen



1.3.16 Julie 2016:

Tegnologie in die klaskamer: Sien is glo – YouTube in jou klas – Dr. Candice Livingston

1.3.17 April 2016:

Graad 8 HT: Taalvraestel– René Badenhorst

1.3.18 Januarie 2016:

Skryfwerk: Inleidings- en slotoefeninge – Elzilda Fouché

1.3.19 Oktober 2015:

Graad 8 en 9 EAT: Taalvraestel – Elna Taljard

:

1.3.20 Augustus 2015:

Graad 10 EAT: Taalvraestel – Mia van Zyl

1.3.21 April 2015:

Woorde is mag: Die belangrikheid van woordeskat – Adinda Vermaak

1.3.22 Februarie 2015:

Wenke vir Stelwerk

1.4 Luistertoetse

1.4.1 *Klasgids* April 2020:

Graad 10 en 11 HT – Camille Ferreira, Chantelle Fry

1.4.2 *Klasgids* Januarie 2020:

Graad 12 HT – Emilje Smit

1.4.3 *Klasgids* Julie 2019:

Graad 11 en 12 HT & EAT – Liz Swart & Joline de Klerk

1.4.4 *Klasgids* April 2019:


Graad 12 HT – Magriet Pieterse

1.4.5 *Klasgids* April 2019:

Graad 10 en 11 EAT – Marié Jacobs

1.4.6 *Klasgids* Julie 2018:

Graad 11 en 12 HT – Prof. Henning Pieterse



1.4.7 *Klasgids* Julie 2017:

Graad 9 EAT – Hanneke Basson

1.4.8 *Klasgids* Januarie 2016:

Graad 8 en 9 EAT & HT – Marike Geysen

1.4.9 *Klasgids* Oktober 2015:

Graad 11 en 12 – Ezilda Fouché

1.4.10 *Klasgids* Augustus 2015:

Graad 8 - 12 – Cornelia du Preez

1.4.11 *Klasgids* Februarie 2015:

Ridders en rolmodelle: 'n luistertoets en dialoog

1.4.12 Luisterbegrip oor grappies – Prof. Maritha Snyman

1.4.13 Luisterbegrip oor *Vis en tjips* – Marieta Nel

1.4.14 Luisterbegrip oor *Nul is nie niks nie* – Karen Janse van Rensburg

1.4.15 Inspirasie vir isolasie: *Bant saam met Armand* – Marieta Nel

1.4.16 Luistertoets oor *Spring* (Fanie Viljoen) – Kathie Viljoen

1.4.17 Luistertoets oor *Ek was hier* (Nanette van Rooyen) – Kathie Viljoen

1.5 Video's

1.5.1 Opstelle is aaklig! – Fanie Viljoen

1.6 Virtuele skrywersbesoeke

Video's van die volgende skrywers wat praat oor skryf, die belangrikheid van lees en hulle boeke vir die hoërskool kan aangestuur word. Hierdie videogrepe sal so 15 min. lank wees.

1.6.1 Fanie Viljoen

1.6.2 Jaco Jacobs

1.6.3 Carina Diedericks-Hugo

1.6.4 Anzil Kulsen

1.6.5 Nanette van Rooyen

1.6.6 Zelda Bezuidenhout

1.6.7 Francois Bloemhof

1.6.8 Jan Vermeulen

1.6.9 Eldridge Jason

1.6.10 Marita van der Vyver

1.6.11 Christien Nesar

2. Addisionele Materiaal

2.1 Studiegidse

2.1.1 *Al wat ek weet* – Marita van der Vyver (R150)

<https://lapa.co.za/studiegids-al-wat-ek-weet-epdf>

2.1.2 *Afkop* – Fanie Viljoen (R80)

<https://lapa.co.za/leesgids-afkop-epdf>

2.1.3 *Asem* – Jan Vermeulen (R120)

<https://lapa.co.za/studiegids-ase-epdf>

2.1.4 *As mens geluk kon proe* – Zelda Bezuidenhout (R130)

<https://lapa.co.za/leesgids-as-mens-geluk-kon-proe-epdf>

2.1.5 *Betower die drama* – Fanie Viljoen (R150)

<https://lapa.co.za/oefenvraestelle-betower-die-drama-epdf>

2.1.6 *Dinge wat ek nie van skape geweet het nie* – Jaco Jacobs (R60)

<https://lapa.co.za/leesgids-dinge-wat-ek-nie-van-skape-geweet-het-nie-epdf>

2.1.7 *Iemand wat verdrink en ander verhale* – saamgestel deur Fanie Viljoen (R100)

<https://lapa.co.za/leesgids-iemand-wat-verdrink-en-ander-verhale-epdf>

2.1.8 *Ink en ander verhale (oefenvraestelle)* – saamgestel deur Marieta Nel (R150)

<https://lapa.co.za/oefenvraestelle-ink-en-ander-verhale-epdf>

2.1.9 *Kondensmelk* – Christien Neser (R105)

<https://lapa.co.za/oefenvraestelle-ink-en-ander-verhale-epdf>

2.1.10 *Die Perfekte brander en ander verhale, Die (oefenvraestelle)* – saamgestel deur Marieta Nel en Adinda Vermaak (R60)

<https://lapa.co.za/klaskameraad/oefenvrae-die-perfekte-brander-en-ander-verhale-epdf>

2.1.11 *Skreeu en ander verhale* (harde kopie met CD) – Marieta Nel en Andinda Vermaak (R315)

<https://lapa.co.za/studiegids-skreeu-en-ander-verhale>



2.1.12 *Sweef en ander verhale* (harde kopie met CD) – Marieta Nel en Adinda Vermaak (R270)

<https://lapa.co.za/studiegids-sweef-en-ander-verhale>

2.1.13 *Toulopers en ander gedigte* (harde kopie met CD) – saamgestel deur Jaco Jacobs (R225)

<https://lapa.co.za/studiegids-toulopers-eboek>


**VOLG DIE SKAKEL
NA ONS WEBBLAD**

2.2 Taalhulpbronne

2.2.1 Afrikaans+

Dié hulpbron vir die inperktyd!

Alles wat die leerder nodig het, is daarin:

Volledige verduideliking van al die taalkomponente, letterkunde, woordelyste, skryfwerk, mondeling.

Dit is 'n allesomvattende gids vir EAT-leerders met qr-kodes met baie ekstra taaloefeninge en voorbeelde van skryf- en mondelingwerk.

(e-boek – R360)

<https://lapa.co.za/catalog/product/view/id/3956/s/afrikaans-everything-you-need-to-obtain-top-marks/>



2.3 Klasgidse

Sien die inhoudsopgawes van

22 Klasgidse vanaf 2015-2020.

Beskikbaar as e-boeke – R74 elk.

<https://lapa.co.za/catalogsearch/result/?q=klasgidse>



2.4 Gr. 12 voorgeskrewe gedigte (e-materiaal) (Vlymskerp)

2.4.1 Huistaal (R180)

2.4.2 Eerste Addisionele Taal (R180)

2.5 Trippel H-hulpbronne

Hierdie hulpbronne fokus op die EAT-mark, veral waar die skole baie Engels is en sukkel.




2.5.1 *Onderwêreld* (R150)

2.5.2 *Perfek* (R130)

2.3.5 *Spring* (R100)

2.2.4 Taalvraestelle (R150)

2.5.5 *Virus* (R130)



3. Addisionele opleidingsdienste

Hierdie dienste kan in persoon of deur middel van webinarre aangebied word. Stuur asseblief 'n e-pos aan: IEBOnderwyspakket@lapa.co.za indien jy wil navraag doen oor die kursusse, werkswinkels, aanbiedings en prysstruktuur.

3.1 Dienste

- 3.1.1 Skryfwerkswinkels vir HS-onderwysers (Wenke vir skryfonderrig) – aangebied deur uitgewers en/of skrywers.
- 3.1.2 Skryfwerkswinkels vir HS-leerders (Wenke vir skryfwerk) – aangebied deur uitgewers en/of skrywers
- 3.1.3 Verskeie afdelings van die kurrikulum: taal, letterkunde, visuele tekste, begripsleer – Marieta Nel en Kathie Viljoen
- 3.1.4 Die belangrikheid van lees vir akademiese sukses (Vir ouers en onderwysers) – Christien Nesor
- 3.1.5 Wat as my kind in gr. 8 nog nie kan lees nie? Die belangrikheid van o.a. ouditiewe tekste. – Christien Nesor
- 3.1.6 Visuele geletterdheid – Prof. Maritha Snyman
- 3.1.7 Verbeter die leerder se algemene kennis: praatjies oor die ekonomie, politiek en aktuele kwessies – paneel van niefiksieuitgewers en -skrywers

3.2 Dienste wat LAPA aanbied

Benewens prominente Afrikaanse kinder- en jeugboekskrywers sal die volgende lede van die LAPA-span ook beskikbaar wees om kursusse, werkswinkels of praatjies aan te bied:



Marida Fitzpatrick is 'n uitgewer, joernalis en die skrywer van drie gepubliseerde boeke – twee fiksie en een niefiksie. Sy het 'n MA in Kreatiewe Skryfkuns *cum laude* verwerf onder leiding van die bekende skrywer Francois Smith.



Nandi Lessing-Venter is 'n kinder- en jeugboekuitgewer nadat sy jare lank Afrikaans aan die Sentrale Universiteit van Tegnologie in Bloemfontein gegee het. Sy het 'n Ph.D. oor humor as 'n sleutel tot die motivering van teësinnige lesers, onder prof. Maritha Snyman by UNISA, voltooi. Sy het 'n MA in Kreatiewe Skryfwerk *cum laude* verwerf onder leiding van prof. Bernard Odendaal en prof. Hennie van Coller by UNISA.



Madri Victor is 'n uitgewer nadat sy jare lank 'n kursus in kreatiewe skryfwerk aan aspirantskrywers aangebied het en deelyds aan die UK klasgegee het. Sy het al self gepubliseer en het 'n MA in Afrikaans/Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.



Shawna-Leze Meiring is 'n uitgewer in die kinder- en jeugafdeling. Sy het Uitgewerswese aan die Universiteit van Pretoria studeer, daarna 'n Honneurs in Afrikaanse letterkunde verwerf en toe 'n MA oor literatuurgeskiedenis in Nederland voltooi.



Marieta Nel werk baie nou met skole nadat sy vir jare as onderwyser Afrikaans HT en EAT gegee het. Sy is 'n gereelde aanbieder by slypskole en die skrywer van vele handboeke en studiegidse oor taal- en letterkunde. Sy is tans besig met 'n Ph.D. oor Afrikaanse misdadefiksie aan die Universiteit van Amsterdam.



Kathie Viljoen werk baie nou met skole nadat sy jare lank as onderwyser Afrikaans HT en EAT gegee het. Sy is 'n gereelde aanbieder van slypskole en die skrywer van taalhandboeke. Sy het Afrikaans/Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch gestudeer



Maritha Snyman is 'n skrywer en professor aan UNISA. Sy was self in die onderwys en is 'n oudhoof van LAPA. Sy het al verskeie artikels oor leesnavorsing in Afrikaans gepubliseer.



Christien Nesar is 'n spraakterapeut en die skrywer van verskeie boeke, onder meer die gewilde Elle-reeks en die niefiksiewerk *Help! My kind is anders*. Sy is 'n gewilde spreker oor moedertaalonderrig en leerders wat hulp nodig het met hoofstroomonderrig. Sy het in Frankryk studeer en 'n meestersgraad in Toegepaste Linguistiek aan die Universiteit van Johannesburg verwerf.

4. Artikel wat sleutel is tot akademiese sukses

In hierdie tye is onderwysers paniekbevange oor die akademie: Wanneer gaan die skole weer eendag oopmaak? Hoe kry ek toegang tot al die leerders? Hoe kry ek materiaal by hulle uit? Met watter innoverende idees kan ek vorendag kom?

Die belangrikste ding wat jy vir jou leerders kan doen, is om hulle te kry om te lees. Skep 'n leeskultuur. Dit sal die nodige onderbou vir akademiese sukses verseker. Lees meegaande artikel deur die skrywer en leesterapeut, Christien Neser.

Hoekom moet kinders boeke lees? En hoekom moet ek vir my kind voorlees?

Hoekom swaarverdiende geld op boeke uitgee? En dit op 'n storieboek?

Hier is die rede - **'n Storieboek maak die verskil!**

1. In Brittanje word gepraat van "**The home literacy event**", wat ons slaapydstories noem. Kinders vir wie daar van kleins af voorgelees word, presteer beter as hul maats vir wie daar nie voorgelees word nie. Studies van die London Universiteit bewys dat kinders wat tuis saam met hul ouers lees, beter luister, langer konsentreer en beter presteer. Storieboeke maak die verskil!
2. Ouers wat vir hul kinders in die voorskoolse jare elke dag 'n storie lees, stuur hul kind graad 1 toe met **een miljoen** meer woorde in hul woordeskat as diegene wie daar nooit stories gelees is nie (studie deur die Universiteit van Ohio, 2019). Woordeskat is een van die mees bepalende faktore vir akademiese sukses (prof. Maryanne Wolf, Universiteit van Tufts). Storieboeke maak die verskil.
3. 'n Slaapydstorie is veral **belangrik** as die kind deur die dag voor 'n skerm was, soos televisie, selfoon of rekenaar. Hoekom? Die skerms aktiveer die frontale lobbe van die brein. Voorlees kalmeer die frontale lobbe, wat ook die res van die brein gereed maak vir slaap. Slaaphormone word dan afgeskei wat REM (droomslaap) vinniger laat gebeur. Tydens slaap groei die kind en ontwikkel nuwe sinapse in die brein. Goeie kwaliteit slaap is noodsaaklik vir breinontwikkeling en algemene gesondheid. 'n Voorgeleesde slaapydstorie werk dus soos 'n **natuurlike slaappil en breinaktiveerder** vir enige kind tussen die ouderdom van 3 en 13. Dus: Geen skerms voor slaapyd nie! Storieboeke maak die verskil.
4. 'n Lekker boek is vir die **ouer kind** uiters noodsaaklik. Dit kan selfs die brein van skermverslawing red. Wanneer 'n kind 'n rekenaarspeletjie speel, word die linkerbrein volledig gestimuleer en soms selfs oorgestimuleer. Die kind moet vir die duur van die speletjie vinnige besluite neem en strategieë bedink. Die regterbrein word egter afgeskeep. En dis in die regterbrein waar luistervaardighede en empatie gesetel is.

Hier geld die rugbyreël: Use it or lose it. As die regterbrein nie gebruik word nie, sterf die sinapse af en daarmee saam dinge soos luistervaardighede en empatie. Maak dit dus 'n reël: Vir elke halfuur se rekenaarspeletjies, moet die kind minstens 'n bladsy uit 'n boek lees en gou ook bietjie oefening doen. Dit sal die regterbrein weer aktiveer. 'n Storieboek maak die verskil.

5. 'n Lekker boek kan ook jou **wiskundepunte** verbeter. Hoe so? Die Ohio State Universiteit het in 2015 'n reusestudie gedoen oor leesbegrip en wiskundepunte. Daar is 'n direkte verband! Hoe beter die kind lees en verstaan, hoe beter sy of haar wiskundepunte. Dis weer eens 'n storieboek wat die verskil maak.
6. 'n Lekker boek **voordat jy gaan slaap** kan jou toetspunt die volgende dag verbeter. Dit is die bevinding deur prof. Gregory Burns en sy span van die Emory University, Atlanta. In 'n groot studie is studente in twee groepe verdeel: Groep A het studeer totdat hulle gaan slaap het. Groep B moes 'n lekkerlees boek lees voor slaaptid. En ta-da! Groep B het deur die bank **beter presteer**. Die rede? Dieper slaap en minder stres laat die brein toe om inligting beter te verwerk en studiemateriaal makliker op te roep en beter te proses sodat die studiemateriaal makliker opgeroep kan word. Ja, dit is weer 'n storieboek wat die verskil maak!
7. Laastens, 'n storieboek is wonderlik vir 'n kind se **geestesgesondheid**. Die keuse van boeke is dus uiters belangrik. Die kind identifiseer met die held van 'n storie. As hul held dan 'n struikelblok te bowe kom, is dit so goed asof hulle self dit gedoen het. "Stories shape our lives and in some cases help define a person," sê die psigiater dr. Christopher Bergland (Psychology Today, 2013). Kinders wat lees, is kinders wat hul probleme so lees-lees self oplos. Of ten minste groot troos vind dat daar ander kinders nes hulle is. Sorg dat jou kind 'n groot dosis storieboeke kry voordat die grootmenslewe aanbreek. Storieboeke kan die verskil maak.

Onthou ook **Antjie Krog** se woorde:

"Maak nie saak hoe arm nie, 'n kind wat lees, is 'n bevoorregte kind.

Maak nie saak hoe verlate of verwaarloos nie, 'n kind wat lees, is 'n gekoesterde kind".

Niks is vir 'n kind meer kosbaar as hul ouers se tyd nie. Lees dus 'n boek saam! Dis 'n belegging in jou kind se toekoms.

Christien Nesor

Leesterapeut en skrywer van kinder-en jeugboeke asook die liefiksieboek, Help! My kind is anders - Nou beskikbaar as e-boek!

<https://lapa.co.za/help-my-kind-is-anders-eboek>



5. Kontakbesonderhede:

5.1 E-posadresse:

✉ Laerskool:
LSOnderwyspakket@lapa.co.za

✉ Hoërskool:
HSOnderwyspakket@lapa.co.za

✉ IEB:
IEBOnderwyspakket@lapa.co.za

5.2 Facebook

📘 Klaskameraad:
https://web.facebook.com/klaskameraad/?ref=br_rs

📘 Klasgids vir afrikaansonderwysers:
<https://web.facebook.com/klasgids.virafrikaansonderwysers/>

📘 Hoezit:
<https://web.facebook.com/ATKVHoezit/>

📘 Klaskameraad (privaat groep):
<https://web.facebook.com/groups/klaskameraad/>

5.3 Instagram:

📷 @klaskameraad:
<https://www.instagram.com/klaskameraad/>

📷 @letter.lik:
<https://www.instagram.com/letter.lik/>

📷 @lapa_uitgewers:
https://www.instagram.com/lapa_uitgewers/

